# Tjokkie WEEKBLAD

25 Augustus 2023 Uitgawe: 6/3/2023

## UIT DIE KANTOOR


Die afgelope naweek was dit ons ABSA Tjokkie Hokkiedag wat by die Universiteit plaasgevind het. Ek wil elke ouer, ondersteuner en deelnemer hartlik bedank vir hul bydrae om van hierdie dag 'n sukses te maak. Baie dankie aan ons ouerkomitee wat reeds van vroeg af die koue moes trotseer om al die verkope gereed te kry. Baie dankie aan Mev. Freda Goosen en haar hele span wat meer as hul kant gebring het. Dankie aan al die pa's wat vleis moes braai en help pannekoek bak het. Die dag was weereens 'n groot sukses danksy elkeen se positiewe bydrae. Dit is net weereens vir my 'n bewys dat Tjokkie-ouers spesiaal is en dat hierdie skool vir hul belangrik is.

Die toetsweek vir ons Gr. 4-7-leerders is reeds goed aan die gang. Soos reeds in verlede week se weekblad genoem, is hierdie die enigste toetsweek van hierdie kwartaal. Die res van die kwartaal se punte is 'n samestelling van klas-assesserings en ander take. Maak dus asb. seker dat kinders nie afwesig is nie en al die nodige take en assesserings betyds inhandig.

**Fotodag:**
Neem asb. kennis dat die neem van sport- en kultuurfoto's nie meer op 6 & 7 September gaan plaasvind nie, maar nou op 27 & 28 September geneem sal word. Betalings sal via Karri gedoen word @ R45 per foto.

## ANDER


Ouers moet asb. kennis neem dat die oorskakeling na somersdrag gewoonlik jaarliks vanaf 1 September plaasvind. 1 September is egter tradisioneel Lentedag en op hierdie dag dra die kinders gewone klere. Dus die eerste dag van somersdrag sal op Maandag, 4 September wees (indien die weer dit toelaat).



# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 25-27 Aug.: | PD Voorslagkamp (Voortrekkers) |
| 25-26 Aug.: | 7's Rugbytoernooi te L/S Bloemfontein (o/11- & o/13-spanne) |
| 26 Aug.: | JF Hokkie Festival (C/D-spanne) |
| 28 Aug.: | Tennisliga vs Trompsburg |
| | Hokkieliga vs Grey (inhaal-wedstryd) |
| 29 Aug.: | Blitsskaak toernooi (Tjokkies) |
| 30 Aug.: | Tennisliga vs Mangaung |
| 31 Aug.: | Hokkieliga vs Fichardtpark |
| | Rivista (Pom-poms & Ritmegroep optredes) |
| 1 Sept.: | Lentedag |
| 2 Sept.: | Gr.1 – 2024 Verwelkomingsdag |

# VERJAARSDAE



30 Aug.: Mnr. Nicolaas Slabbert (Gr. 7)

# FOTO'S

**Sport- en Kultuurfoto's**

Die Sport- en kultuurfoto's word op **27 EN 28 September 2023** geneem. Die koste beloop **R45** per A5-foto.

Gebruik asseblief die **Karri-Toep vir alle fotobestellings. Karri open op Maandag, 21 Aug.** ***Let wel: Geen kontant sal aanvaar word nie***. Die sluitingsdatum vir alle bestellings is **op Vrydag, 29 September 2023.**

# KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

# #TJOKKIESHOP

**#Tjokkieshop sal vir die res van die kwartaal tydens die volgende tye oop wees:**

| | |
|---|---|
| **Maandae:** | 12h30 – 14h00 |
| **Woensdae:** | 07h30 – 08h30 |
| **Vrydae:** | 12h30 – 14h00 |

voetstoots!

TJOKKIES-KONSERT 2023

***Die aap is uit die mou ……...Tjokkies gaan konsert hou!***

Liewe Ouers

Die tyd het aangebreek en die kaartjies vir ons konsert, **VOETSTOOTS,** is te koop!

Die volgende inligting is van belang:

| | |
|---|---|
| **KONSERTDATUM(S):** | Dinsdag, 19 September 2023 |
| | Woensdag, 20 September 2023 |
| | Donderdag, 21 September 2023 |
| **TYD:** | 18.00 vir 18.30 |
| **PLEK:** | Tjokkies se skoolsaal |
| **KOSTE:** | R100 per volwassene |
| | R60 per kind |

(Geen kinders bo die ouderdom van 3 jaar kan op die skote van ouers sit nie.)

## WANNEER EN WAAR KAN EK KAARTJIES KOOP?

| | |
|---|---|
| **WANNEER:** | Vanaf Dinsdag, 29 Augustus tot Donderdag, 14 September 2023 |
| **WAAR:** | By die skoolkantoor |
| **TYD:** | 07.15 - 08.00 |
| | 12.30 – 13.30 |
| **HOE:** | **Geen kontant, SLEGS BANKKAARTE** |

Kom vier die taal en ons mooi idiome saam met ons en u kinders in die vorm van ons konsert!


WILGEHOF GEMEENTE
Basaar
EN
Color
RUN
LOOTJIE PRYSE
TE WEN
SATERDAG 09:30
2 SEPT 2023
JOHANNES RABIE STR 9, WILGEHOF
BASAAR STALLETJIES OPEN 10:00
INSKRYWING VIR 5KM R30/9.8KM R50
VIR INSKRYWINGS KONTAK:
0711540768 OF 0724731290
bp
CECELIA PARK
LONGHORN
STEAKHOUSE
KWAGGA LAPA'S
Posh Lab
7de Hemel
GASTEPLAAS
Hamilton
Paneelbeaters
Beste Pryse en
Diens Gewaarborg!




**Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre**
Visit us at 89 Oliver Tambo Street, Bloemfontein / Call us on (051) 448-3571

**Service Centre Manager:** Leonard Grimsdell (079 104 5994 / leonard.grimsdell@autopedigree.co.za)
**Service Advisor:** Ruan Rossouw (066 245 6640 / ruan.rossouw@autopedigree.co.za)
**Trading Hours:** Monday to Friday (7am - 5pm), Saturday (8am - 12pm)

T&Cs Apply on Specials and Promotions

miwa
Proud Association of RMI

AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE

